

**Skriflesing:** Openbaring 3:14-22

**Teks:** Openbaring 3:19-20

**Sing-** Ps. 92:1,6; Ps. 38:1,8; Ps. 98:3,4; Ps. 24:4,5

So maklik kan ons hierdie gedeelte uit God se Woord verkeerd lees. Broeder en suster, baie sal vir jou sê dat Jesus staan by die deur, 'n deur waarvan die handvatsel en sleutel aan die binnekant is. Jesus klop en die mens moet oopmaak. Hierdie deur sou dan die mens se hart wees. Maak jou hart vir Jesus oop dat Hy kan binnegaan. Hy wil graag dat jy jou hart moet oopmaak. Geliefdes, in al twee die eredienste moet ons vanoggend besef as ons hierdie gedeelte uit God se Woord só verstaan het, is daar inderdaad ingrypende dwaling, ingrypende wanvoorstelling van wat hier gebeur. Later vandag sal ons uit die Dordtse Leerreëls, paragraaf 14, hierdie dwaling dat God 'n algemene aanbod van genade aan die hele wêreld maak, duidelik eenkant moet skuif. Asof Jesus aan die hart van elke mens kom klop en as die mens Jesus dan binnelaat dan word hierdie mens gered. Wie nie sy hart vir die Here oopmaak nie, so 'n mens gaan verlore.

Baie sal verleë staan en sê maar ek wil dit só verstaan. Dit is vir my so mooi, pragtig as ons lees **20** *Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My...* Die mens wat sy eie grootheid en sy eie belangrikheid as uitgangspunt stel sal by hierdie verse nie anders kan as om Jesus te sien as die vriendelike Een wat elke hart wil inkom. Jy moet Jesus innooi, maak vir Hom plek, moet nie jou hart langer vir Hom toesluit nie.

\*\*\*

Ná vandag is my hoop en vertrouwe dat ons heeltemal anders na hierdie gedeelte mag kyk. Ons posisie waarin ons onself baie keer wil stel is op die einde alles behalwe so mooi en rooskleurig, as mense glo, ek het 'n warm hart wat darem warm klop as ek hierdie gedeelte lees. Wie lees wat hier staan sal dadelik moet erken die deur waaraan geklop word, is nie 'n hart nie, dit gaan om 'n werklike deur. Hierdie werklike deur is 'n kerkdeur.

In hfst. 2-3 van Openbaring staan Laodicea as die laaste van 7 gemeentes waaraan die Here briewe gestuur het. Lees wat die Here vir Sy kerke skrywe. In besonder vanoggend word aan Laodicea dinge geskrywe wat vir ons as kerk hier in die midde van Pretoria oor onself en ons kerk-wees ernstige vrae moet laat vrae. Ernstige selfondersoek sal gedoen moet word oor hoe vergelyk ons met Laodicea, want elk van die 7 gemeentes in Openbaring het inderdaad vir elke ware kerk vandag ernstige vrae te vra, ernstige kerksake, geloofsake moet

uitgemaak word, die kerk se voortbestaan hang hiervan af! Die vraag na hoe oop ons deure is, die vraag na hoe gesond ons kerk-wees is, die vraag na watter verskil ek met die wêreld hierbuite kan aandui sal skerp na vore moet tree. Ons kyk dan na hierdie gedeelte, eerstens aan die hand van die gaste in die huis, in die tweede plek, die Gasheer wat meteens voor sy eie deur verskyn en die laaste plek wat sê Hy vir hulle. Dit gaan om die Woord van die Gasheer aan die gaste.

**Die gaste in die huis:**

Laodicea is die laaste van die 7 gemeentes waarvan ons in Openbaring lees. Al staan hulle laaste, is dit duidelik, hulle was nie die kleinste van die 7 gemeentes nie, hulle was alles behalwe 'n eenkant gemeente, vêr in die uithoeke wat amper vergete gebly het... nou kom die 7de briefie heel laaste by hulle uit. Hierdie mense in Laodicea het hulleself as op die voorpunt gesien, as baie belangrike mense, hulle stad en hulle kerk was van wêreldgehalte. Goed toegerus, in vandag se terme sou die i-pads en oorhoofse skerms, data-projektors sou die gemeente belig en verfyn. Die borde om vanaf te sing sou groot en mooi kon wees. Alles sal van die beste en die nuutste kon wees. Windows 8 sal al klaar geïnstalleer gewees het!

\*\*\*

In hulle tyd, in hulle terme was daar veral groot handelstransaksies wat dag na dag die note laat rol het. Die stad was in die sentrum van handel, goeie banke het daar opgestaan. Koop, verkoop was die lewe van die stad. Ek is ryk, het verryk geword, sou die manne in vandag se snyerspakke, jou kon toeroep. Goud en geld het die stad laat blink. Toe hierdie stad 'n keer deur 'n aardbewing grond toe gebring was, het hulle daarop geroem ons het nie die ander se hulp nodig gehad nie. Geen noodlenigingsfonds was nodig nie. Ons het dit self weer opgebou. Hulle het geglo in selfhandhawing, selfgenoegsaam het hulle ander dorpe en stede naby hulle jaloers na hulle laat opkyk.

Veral buiten hulle baie geld het hulle nog goeie klere kon maak, goeie gehalte wol het van die beste klere uitgemaak. Veral as die wolpryse goed is, dan kan almal mos gelukkig wees. So het hulle ook mooi aangetrek dat ander kan sien, hoe goed dit gaan. Ja, van SIEN gepraat, dit was 'n stad met 'n besondere mediese skool wat veral in oogkwale gespesialiseer het. Hier is 'n Frigiese poeier vervaardig wat met groot sukses teen allerhande oogsiektes aangewend was. In hierdie warm deel van die wêreld het oogkwale baie keer hoogty gevier wat tot blindheid kon lei, maar Laodicea was op die voorpunt in die teenwerk van wat die oë kan beskadig.

Hulle geld, hulle wol, hulle oog medisyne, het kerk en stad naby mekaar gebring. As dit in di stad goed gaan, besigheid is goed, dan kan dit mos nie in die kerk sleg gaan nie. Só het hulle gedink! Die mense in die gemeente het hulle die welvaart van Laodicea duidelik goed laat welgeval.

Ja en wat is daarmee verkeerd. Dit mag mos met die kerk finansieel goed gaan. Wanneer jy kerk-toe kom trek jy van jou beste klere aan, jy hoef nie versukkeld, terug op die brug, 'n skyn van swaarkry hier voor te hou nie. Dit is so, as dit goed gaan dan moet ons hierdie seëninge as gawe uit die hand van die Here aanvaar. Ekonomiese voorspoed is nie iets waaraan die kerk nie mag deel nie.

\*\*\*

Maar nou, wat gebeur in Laodicea, ja so maklik gebeur dit?! Mense wat kan voorgee dat hulle rykdom 'n teken van God se besondere guns aan hulle is, daarom mag hulle roem. Uitdagend, verwaand roep hulle toe, ons het alles, ons het aan niks gebrek nie. Dit is sulke mense wat in daardie kerk sit, waarvan Jesus by sy eie huis se deur moet kom aanklop. Die kerk is God se huis, die deur van die huis moet God se deur wees. Die beheer oor daardie deur moet nie mense toekom nie, dit moet God toekom. Hy sal oopmaak en toemaak en toemaak en oopmaak. Mense, al God se kinders moet aan God onderworpe wees aan wat God doen. In die vorige gemeente, Filadelfia se brief staan- *Ek het voor jou 'n geopende deur gegee en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my Woord bewaar en my Naam nie verloën nie.*

Anders as in Filadelfia het die mens gekom en die mens het wat aan God behoort wou toesluit. Dit wat God oopmaak wil die mens toemaak en baie keer dit wat God toemaak, dit wil die mens oopmaak. Dit wat die mens nie kan doen nie, dit wil die mens doen. So erg, dat Christus stel sy beleving voor hierdie kerk as 'n skok, verskriklik vernederend, uitdagend dit wat teen die Hoof van die kerk, ons Here Jesus Christus gedoen word. Hy word by sy eie huis, by die kerk in Laodicea uitgesluit. So erg, Hy moet aan die deur van sy eie huis klop om in te kom. Hy is nie meer daarbinne nie, dit wat die mens met 'n skok sou moes hoor. Dit stel ons tweede gedagte voor ons:

**Die Gasheer wat ineens voor sy eie deur verskyn:**

Dit is erg, broeder en suster, as een aan sy eie huis se deur moet klop. Hyself om Wie alles moet gaan raak al meer uitgesluit. Hoe kan dit gebeur? Dit gebeur makliker en vinniger as

wat ons dink. Wanneer die grense tussen kerk en wêreld, die grens tussen stad en gemeente 'n al hoe dowwer grens begin word. Die kerk moet die huis van die lewende God wees.

Hier moet God en in besonder die Gasheer, Jesus Christus die Eerste wees om Wie alles moet gaan. Dit gaan om sy huis, sy kerk wat Hy deur sy Woord en Gees tot kerk vergader, beskerm en onderhou. Al bly die lidmate van hierdie gemeente in hierdie besondere ryk stad, al kan hulle die welvaart van die stad die kerk indra, mag dit nie gebeur ten koste van Hom wat Eerste hier moet wees nie. So erg, Hy om Wie dit gaan het meteens nie meer plek hierbinne nie. Hy moet ineens begin klop en al hoe harder klop aan sy eie kerkdeur wat Hom al hoe meer begin uitsluit. So uitdagend en verwaand het die lidmate in hierdie gemeente geword dat hulle geglo het hulle het aan niks tekort nie. Hulle glo hulle het alles, hulle weet alles, hulle is van hierdie 7 gemeentes, besondere kerkmense, wat in hulle verband tot die ander gemeentes hulleself bo die ander wou verhef. Ons is ryk, kyk na ons, daar word by ons gekoop, ons het nie nodig om te koop nie, ons is so mooi, so gesond in ons kerk-wees, daarom kom ons niks kort nie.

\*\*\*

Geliefdes, wanneer 'n kerk die Een uitsluit om Wie dit eintlik moet gaan, die kerk raak in haarself, met haarself so beïndruk, dat ek eintlik nie eers omgee hoe dit werklik met die gemeente hier langsaan, met hulle in Filadelfia gaan nie. Daar waar God die deure oopgemaak het, daar waar God sê, met jou oop deure, *Ek het vir jou 'n geopende deure...* Filadelfia jy doen jou werk... jy het min krag, maar jy het my Woord bewaar en my Naam nie verloën nie. Nou kom God net die volgende gemeente en hierdie gemeente se deure is toe! Filadelfia geopende deure, Laodicea toe deure...

Laodicea is die kerk wat dink ons is ryk en sterk en gesond, ons kort niks, tog kort hulle alles. Jesus is nie daarbinne nie. Hy moet buite sy kerk staan en aan sy eie deur klop, waar Hy die Eerste en die Laaste moet wees, die begin en die einde van alle kerk-wees, maar Hy staan uitgesluit. Hoekom is jou deure toe. Hoekom kan ek nie meer hier inkom nie? Wat gaan hier aan?! Dit is wat daardie dringende klop aan die kerkdeur van Laodicea ons laat hoor... *jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie.*

Die Here beskryf hier 'n emosie aan Homself toe wat eintlik nêrens anders so sterk in die Bybel staan nie. Ons lees nie dat die Here oor hulle bedroef is nie, ons lees nie dat Hy vir

hulle kwaad is nie, nee hier staan dat Hy aan hulle walg. En dit baie erg. Dit is nie 'n geringe walging nie, nee dit is 'n diepe walging, dit is soos om so naar te word dat ek gaan opgooi. *Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug...*

Die Here wat ineens aan sy eie kerkdeur moet klop weet presies wat daarbinne aangaan. Die stad Laodicea naby warmwaterbronne geleë, sal die beeldspraak wat Jesus hier gebruik baie duidelik kon verstaan. Waar water uit die stad Kolosse na hulle toe vloei is dit ysigte koue water uit daardie rigting, heerlike drinkwater, maar meng hierdie koue water met die warm bronne wat van die bokant invloei, vuurwarm water, yskoue water bymekaar gee lou water. Wie dit drink word naar. Die gemeente maak met die Here wat die water met die mens maak. Dit wat die Here beskryf as Hy word naar in wat in die gemeente gebeur. Daarom ons laaste punt gaan dan in besonder-

**Om wat die Here aan hierdie gemeente se?**

Die Woord van die Gasheer aan die gaste. *Was jy tog maar koud of warm! 16 Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug.* Dit waaroor die gemeente in Laodicea hulleself so graag oor beroem, hulle geld, hulle wol, hulle oogself, sal nou ernstige woorde hoor- Teenoor hulle geld en middele sê die Here- *jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklagenswaardig en arm is nie....* Teenoor hulle mooi kledingstowwe sê die Here- *Jy weet nie dat dit jy is wat naak is nie.* Teenoor hulle oogpoeiers en mediese prestasies sê die Here- *Jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en ... blind... is nie.*

En dan geliefdes, was julle maar koud of warm. Kom ons vra die vraag- wat bedoel die Here as Hy dit sê. Die liggaam van die mens is so saamgestel dat as jy aan iets vat, net 3-4°C kouer as jou liggaamstemperatuur, dan staan jou liggaam in kontras met wat jy dan aanvoel. Dit is koud. Ook omgekeer. As jy aan iets vat net 3-4 °C warmer as liggaamstemperatuur, dan is dit klaar warm in vergelyking met wat jou liggaam voel. Die liggaam maak uit die verskil tussen warm en koud deur die verskil in grade van die liggaam self met die dinge waarmee dit in aanraking kom. Die ware kerk moet hoor wat die Here sê! 'n Kerk wat lou is, is 'n kerk wat eintlik maar dieselfde temperatuur aangeneem het as sy omgewing. So 'n kerk wat maar soos die stad lyk, die kerk voel geen verskil in temperatuur meer in wat sy aanraking en sy omgewing waarmee die kerk in aanraking kom nie. Terwyl die ware kerk daardie verskil moet kan maak en moet kan voel.

Die ware kerk moet nie dieselfde wees as die wêreld waarbinne die kerk, kerk is nie. Die kerk moet nie maar dieselfde gesindheid, dieselfde temperatuur hê as die hele stad hiër rondom ons nie, want as ons maar dieselfde temperatuur is, alles in die kerk is soos die omgewing rondom die kerk, alles is lou, dan het die kerk vir die omgewing waarin daar 'n verskil gemaak moes word, nutteloos geword. 'n Lou kerk is nutteloos en daarmee saam kan die kerk wat die Here naar maak, geen ware kerk meer wees nie.

Vanuit ons kerk-wees moet ons vir die man met die hoë koors in koue water kan plaas dat die koors kan breek, dan maak die kerk in die temperatuur plasing waarlik 'n verskil, of die kerk moet weet die een met die rumatiek of ontsteekte hand, sit daardie hand in die warmste water, amper asof dit jou brand, dan kan die temperatuur-plasing die hand skoonmaak en wil genees. Die kerk se plasing moet nie maar lou wees, dit moet werklik koud wees, wanneer die koue nodig is, dit moet tegelyk baie warm kan wees wanneer die warmte ewenwel weer nodig is. Die kerk moet in die wêreld die verskil kan aandui, deur juis anders, 'n ander temperatuur as die wêreld te hê.

Geliefdes, dit wat die Here aan die gemeente sê word as baie dringend gesien. 'n Lidmaat wat dink hy/sy is goed, ons is almal goeie mense hier, sulke mense beteken eintlik nie waarlik iets vir die Here nie. Daardie vyfvoudige opsomming is hard - die ellendige, die beklaenswaardige, kruiperig, blind, naak. Ja, ons kan vra wie is werklik meer beklaenswaardig as die mens wat hom/haar verbeel dat hulle goeie Christene is, terwyl Christus aan hulle walg.

Wanneer ons vandag hoor hoe ernstig die Here met ons praat, hoe ernstig klink die klop van die Here aan sy eie deur, dan hoor ons die stem agter die klop waar dit nooit kan gaan om ons wat Hom uitnoui nie, maar Hy nooi ons uit. God bly die Gewer van heil, nooit is dit die mens wat eers sy hart daarvoor moet gee nie. Die tweede diens sal ernstig hierna kyk. Jesus nooi die gemeente in Laodicea uit – *Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word.* Jesus se uitnodiging kom ten volle hulle leefwêreld van duur wol en mooi klere binne deurdat Jesus kom met God se wit klere wat jy kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie. Teenoor hulle oogpoeiers stel Jesus die hemelse salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien.

Geliefdes, Jesus klop nie omdat Hy verleë is nie, dit is ook nie 'n geval van Hy is nie in staat om in te kom nie. Daar waar God wil ingaan, daar sal Hy ingaan, maar die klop van Jesus is waarlik die bewys dat Hy sy kerk liefhet. Hy wil dat ons waarlik met Hom gemeenskap sal hou, verbondsgemeenskap, om saam met Hom maaltyd te hou en Hy met my. Die verskil moet kom dat u liefde vir Wie God is, sy liefde moet antwoord. Dan is ons nie lou nie, ons beweeg buite die temperature wat vir almal aanvaarbaar is. Die kerk in hierdie wêreld, die gemeente in hierdie stad kan nie maar dit wees wat almal as liggaamstemperatuur aanvaar nie, alles is nou maar lou nie.

AMEN